# NOTICE OF APPLICATIONS FOR ENVIRONMENTAL AUTHORISATION, WASTE MANAGEMENT LICENCE AND WATER USE LICENCE

## IN SUPPORT OF AN APPLICATION FOR A MINING RIGHT AND MINING PERMITS FOR THE WEST WITS PROJECT

## GAUTENG PROVINCE

**West Wits Mining MLI (Proprietary) Limited (West Wits)** intends to apply for a mining right and mining permits in terms of the Mineral and Petroleum Resources Development Act (MPRDA) (No. 28 of 2002) for gold, uranium, silver, sandstone and aggregate over their current prospecting right area (GP 30/5/1/1/2/10035 PR). Consent in terms of Section 11(2) of the MPRDA to cede a renewed prospecting right MPT No. 29/2016 from Mintails SA Soweto Cluster (Proprietary) Limited to West Wits was granted by the Department of Mineral Resources (DMR) in 2018.

The West Wits ('the project') Mining Right Application will include a Mining Work Programme as well as a Social and Labour Plan in addition to the integrated Environmental Authorisation application. Mining would involve the removal of low grade gold bearing material that would be accessed via a combination of opencast mining and refurbishing of existing infrastructure to access the existing underground workings. Additional opencast pits would be excavated on various portions of the above mentioned farms, and excess material crushed and trucked off of site. The gold bearing material would be processed at plants off-site. Once the removal of economic material has been completed the sites will be rehabilitated. The post closure land use will be identified during the Environmental Impact Assessment (EIA) process and the land could be suitable for housing or agriculture purposes. The project would also include the establishment of additional supporting infrastructure such as material storage areas (product, topsoil, waste rock, fuel, lubricants, process materials, waste and hazardous substances), water management infrastructure, communication and lighting facilities, offices, workshops, washbays, stores, change houses, lamprooms, vent fans and security facilities.

Further details as well as background to the company and application process will be presented to stakeholders at the public scoping meetings as shown in the table below.

Notice is hereby given of the intent to submit applications for environmental authorisations as per the tables below. The relevant legislation and associated activities include but are not limited to the following:

| WEST WITS MINING RIGHT APPLICATION | | | |
|---|---|---|---|
| **Property:** | The proposed mining right area is located on various portions of the farms Glen Lea 228 IQ, Perdekraal 226 IQ, Rand Glen 229 IQ, Dobsonville 386 IQ, Doornkop 239 IQ, Fleurhof Township, Roodepoort 236 IQ, Roodepoort 237 IQ, Uitval 677 IQ, Vlakfontein 233 IQ, Vlakfontein 238 IQ, Witpoortjie 245 IQ, Vogelstruisfontein 231 IQ, Vogelstruisfontein 233 IQ, Soweto 387 IQ, Klipspruit 298 IQ, Klipriviersoog 299 IQ, Durban Roodepoort Deep 641 IQ, Bram Fischerville 663 IQ, Bram Fischerville 649 IQ and Tshekisho 710 IQ in the City of Johannesburg Metropolitan Municipality, Gauteng Province. | | |
| **Mining Activities:** | Opencast mining and refurbishing of existing infrastructure to access the existing underground workings. | | |
| **Environmental Assessment Practitioner (EAP):** | SLR Consulting (South Africa) (Pty) Ltd (SLR) has been appointed as the EAP responsible for undertaking the required environmental regulatory processes and conducting public participation. The application will be subject to a scoping and environmental impact assessment process as stipulated in the EIA Regulations (GNR 982, 8 December 2014) made under Section 24(5) of the NEMA. | | |
| **Legislation** | **Listed activities** | **Authorisation required and key process elements** | **Competent Authority** |
| National Environmental Management Act (NEMA), (No. 107 of 1998) and the Environmental Impact Assessment (EIA) Regulations, 2014, as amended. | **GNR 983 Activities:** 2 & 37 (power generation facility); 9, 45 & 63 (water pipelines); 10 (sewage pipelines); 11 & 47 (power lines); 12, 19 & 48 (watercourse disturbance); 13, 50 & 66 (water dams); 14 & 51 (diesel storage facilities); 22 & 31 (decommissioning); 24 & 56 (roads); 25 & 57 (water treatment facility); 27 & 30 (clearing of land); 28 (land use change); 46 (dirty water pipelines); and 60 (dangerous good pipelines).<br>**GNR 984 Activities:** 4 (diesel storage facility); 6 (release of emissions/pollution); 7 (dangerous good pipelines); 9 (power lines); 11 (water pipelines); 12 (rail facilities); 15 (clearing of land); 16 (water dam); 17 (mine pits); 19 (crushing facility); 24 (watercourse disturbance); 25 (water treatment facility); and 27 (roads).<br>**GNR 985 Activities:** 1 (billboards); 2 & 16 (water reservoirs); 3 (telecommunication mast); 4 & 18 (roads); 10 & 22 (dangerous good storage facilities); 12 (clearing of land); 14 (water dams); 15 (land use change); and 23 (watercourse disturbance). | Environmental Authorisation: application for environmental authorisation; a scoping report, an EIA including an Environmental Management Programme (EMPr) and a public participation process. | DMR – Gauteng Province |
| National Environmental Management: Waste Act (NEM:WA) (No. 59 of 2008) and the EIA Regulations, 2014, as amended. | **Category A, Activities:** 3(3), 3(4), 3(5) Recycling or recovery of waste; (3(3), 3(4), 3(5); 3(9), 3(10) Disposal of waste; 3(12), and 3(13) construction of waste facility(s).<br>**Category B, Activities:**<br>Category B, Activity: 4(1) Storage of waste; 4(2), 4(3) Recycling or recovery of waste; 4(4) Treatment of waste; 4(7), 4(9) Disposal of waste; 4(10) construction/expansion of waste facility(s); and 4(11) Residue stockpiles or residue deposits. | Waste Management Licence: application for a waste management licence, a scoping report, an EIA including an EMPr and a public participation process. | |
| National Water Act (NWA) (No 36 of 1998) and Regulations Regarding the Procedural Requirements for Water Use Licence Applications (WULA's) (GNR 267 of 2017). | (a) groundwater abstraction; (b) water storage; (c) water flow; (f) waste water discharge; (g) waste disposal; (i) watercourse alteration; and (j) mine pit dewatering. | Water Use Licence: application for a water use licence, integrated technical support document and public participation process. | Department of Water and Sanitation (DWS) |

| WEST WITS MINING PERMIT APPLICATION | | | |
|---|---|---|---|
| **Property:** | • The proposed mining permit area for the Kimberley West opencast pit is located on portions of the farms Witpoortjie 245 IQ and Roodepoort 237 IQ.<br>• The proposed mining permit area for the Cresswell Park opencast pit is located on a portion of the farm Roodepoort 237 IQ. | | |
| **Description:** | Opencast mining. | | |
| **EAP:** | MalanScholes Consulting has been appointed as the EAP responsible for undertaking the required environmental regulatory processes with SLR conducting the public participation process. The application will be subject to a basic assessment process as stipulated in the EIA Regulations (GNR 982, 8 December 2014) made under Section 24(5) of the NEMA. | | |
| **Legislation** | **Listed activities** | **Authorisation required and key process elements** | **Competent Authority** |
| NEMA and the EIA Regulations, 2014, as amended. | **GNR 983 Activities:** 21 (mine pits); and 27 (clearing of land.<br>**GNR 985 Activities:** 1 (billboards); 2 & 16 (water reservoirs); 3 (telecommunication mast); 4 & 18 (roads); 10 & 22 (dangerous good storage facilities); 12 (clearing of land); 14 (water dams); 15 (land use change); and 23 (watercourse disturbance). | Environmental Authorisation: application for environmental authorisation; a scoping report, an EIA including an EMPr and a public participation process. | DMR – Gauteng Province |
| NEM:WA and the EIA Regulations, 2014, as amended. | **Category A, Activities:** 3(3), 3(4), 3(5) Recycling or recovery of waste; (3(3), 3(4), 3(5); 3(9), 3(10) Disposal of waste; 3(12), 3(13) construction/expansion of waste facility(s); and 3(15) Residue stockpiles or residue deposits.<br>**Category B, Activities:**<br>Category B, Activity: 4(1) Storage of waste; 4(2), 4(3) Recycling or recovery of waste; 4(4) Treatment of waste; 4(7), 4(9) Disposal of waste; and 4(10) construction/expansion of waste facility(s). | Waste Management Licence: application for a waste management licence, a scoping report, an EIA including an EMPr and a public participation process. | |
| NWA and Regulations Regarding the Procedural Requirements for WULA's. | (a) groundwater abstraction; (c) water flow; (g) waste disposal; (i) watercourse alteration; and (j) mine pit dewatering. | Water Use Licence: application for a water use licence, integrated technical support document and public participation process. | DWS |

The following public scoping meetings have been arranged. All stakeholders are invited to attend:

| Date | Venue | Time |
|---|---|---|
| Tuesday 3 April 2018 | Goudrand Hostel Hall, Sol Plaatje: From Randfontein Road, turn into Nick Toomey Boulevard then turn left into the third road. | 11h00 * |
| | E-Hall, Matholesville: From Randfontein Road, turn into Nick Toomey Boulevard then turn into the first road on the right and then right again into the second road. | 17h00 * |
| Wednesday 4 April 2018 | Hoërskool Bastion, Trezonalaan, Mindalore | 17h00 * |
| Thursday 5 April 2018 | Multi-Purpose Centre, 6732 Loerblaar Avenue, Braamfischerville | 17h00 * |
| Friday 6 April 2018 | Moses Kotane Primary School, Corner Unity Boulevard & Freedom Drive, Braamfischerville | 17h00 * |

* Please endeavour to arrive earlier than the specified time in order to complete the meeting attendance register to ensure future involvement in the environmental regulatory process.

All stakeholders are invited to register as Interested & Affected Parties (I&APs). You must register as an I&AP if you would like more information or wish to participate in the environmental impact assessment of the project. Please submit any initial comments for inclusion in the scoping report at the public scoping meetings or by 6 April 2018. Comments can however be submitted throughout the regulatory process. To do so, or to raise any environmental issues or concerns regarding the regulatory process for the mining right application and/or the public participation process for the mining permit application, please contact:

**Marline Medallie (Project Manager) and/or Clive Phashe (Project Assistant)**
Email: 720.13087.00001@slrconsulting.com
Tel: 011 467 0945
Fax: 011 467 0978
Post: PO Box 1596, Cramerview, 2060
Note: If using post, please also contact us telephonically to notify us of your submission.

# KENNISGEWING VAN AANSOEKE OM OMGEWINGSMAGTIGING, AFVALBESTUURLISENSIE EN WATERGEBRUIKLISENSIE

## TER STAWING VAN 'N AANSOEK OM 'N MYNREG EN MYNBOUPERMITTE VIR DIE WEST WITS PROJEK
## GAUTENGPROVINSIE

**West Wits Mining MLI (Eiendoms) Beperk (West Wits)** is van voorneme om aansoek te doen om 'n mynreg en mynboupermitte ingevolge die Wet op die Ontwikkeling van Minerale en Petroleum Hulpbronne (MPRDA) (Wet 28 van 2002) vir goud, uraan, silwer, sandsteen en aggregaat oor hul huidige prospekteerreggebied (GP 30/5/1/1/2/10035 PR). Toestemming ingevolge Artikel 11(2) van die MPRDA om 'n hernude prospekteerreg (MPT No. 29/2016) van Mintails SA Soweto Cluster (Eiendoms) Beperk aan West Wits te sedeer, is in 2018 toegestaan deur die Departement van Minerale Hulpbronne (DMH).

Die West Wits ('die projek') Aansoek om Mynreg sal 'n Mynbouwerkprogram, asook 'n Maatskaplike- en Arbeidsplan insluit, benewens die geïntegreerde aansoek om Omgewingsmagtiging. Mynbou sal die verwydering van laegraadse gouddraende stof behels waartoe toegang verkry sal word deur 'n kombinasie van dagmynbou en die opknapping van bestaande infrastruktuur om toegang tot bestaande ondergrondse delfplekke te verkry. Addisionele dagmynbougroewe sal op verskeie gedeeltes van die bogenoemde plase uitgegrawe word en oorskotmateriaal vergruis en per trok van die terreine af verwyder word. Die gouddraende stof sal by aanlegte buite die terreine verwerk word. Sodra die verwydering van ekonomiese stof afgehandel is, sal die terreine gerehabiliteer word. Die grondgebruik ná sluiting sal tydens die Omgewingsimpakevalueringsproses (OIE-proses) geïdentifiseer word en die grond kan dalk geskik wees vir behuisings- of landboudoeleindes. Die projek sal ook die oprigting van addisionele steuninfrastruktuur, soos materiaalbergingsgebiede (produk, bogrond, afvalklip, brandstof, smeermiddels, prosesmateriale, afval en gevaarlike stowwe), waterbestuurinfrastruktuur, kommunikasie- en beligtingsgeriewe, kantore, werkswinkels, wasvakke, store, verkleehuise, lampkamers, ventilasiewaaiers en sekerheidsgeriewe insluit.

Verdere besonderhede, asook die maatskappy se agtergrond en aansoekproses, sal by die openbare bestekopnamevergaderings aan belanghebbers voorgelê word, soos aangedui in die tabel hieronder.

Kennis geskied hiermee van die voorneme om aansoeke om omgewingsmagtigings volgens die onderstaande tabelle in te dien. Die tersaaklike wetgewing en verwante aktiwiteite sluit onder andere die volgende in:

| **WEST WITS AANSOEK OM MYNREG** | | | |
|---|---|---|---|
| **Eiendom:** | Die beoogde mynreggebied is op verskeie gedeeltes van die volgende plase geleë: Glen Lea 228 IQ, Perdekraal 226 IQ, Rand Glen 229 IQ, Dobsonville 386 IQ, Doornkop 239 IQ, Fleurhof Township, Roodepoort 236 IQ, Roodepoort 237 IQ, Uitval 677 IQ, Vlakfontein 233 IQ, Vlakfontein 238 IQ, Witpoortjie 245 IQ, Vogelstruisfontein 231 IQ, Vogelstruisfontein 233 IQ, Soweto 387 IQ, Klipspruit 298 IQ, Klipriviersoog 299 IQ, Durban Roodepoort Deep 641 IQ, Bram Fischerville 663 IQ, Bram Fischerville 649 IQ en Tshekisho 710 IQ in die Stad van Johannesburg Metropolitaanse Munisipaliteit, Gautengprovinsie. | | |
| **Mynbou-aktiwiteite:** | Dagmynbou en opknapping van bestaande infrastruktuur om toegang tot die bestaande ondergrondse delfplekke te verkry. | | |
| **Omgewingsevalueringspraktisyn (EAP):** | SLR Consulting (South Africa) (Edms.) Bpk. (SLR) is aangestel as die onafhanklike omgewingsevalueringspraktisyn wat verantwoordelik is vir die onderneming van die vereiste regulatoriese omgewingsprosesse en die openbare deelname. Die aansoek sal onderhewig wees aan 'n bestekopname- en omgewingsimpakevalueringsproses soos uiteengesit in die OIE-regulasies (Staatskennisgewing R982, 8 Desember 2014) gedoen ingevolge Artikel 24(5) van die NEMA. | | |
| **Wetgewing** | **Gelyste aktiwiteite** | **Magtiging vereis en belangrike elemente van die proses** | **Bevoegde owerheid** |
| Nasionale Wet op Omgewingsbestuur (NEMA) (Wet 107 van 1998) en die Regulasies op Omgewingsimpak-evaluerings (OIE-regulasies), 2014, soos gewysig. | **Staatskennisgewing R983-aktiwiteite:** 2 & 37 (krag-opwekkingsaanleg); 9, 45 & 63 (waterpyplyne); 10 (rioolpyplyne); 11 & 47 (kraglyne); 12, 19 & 48 (versteuring van waterloop); 13, 50 & 66 (waterdamme); 14 & 51 (dieselbergingsgeriewe); 22 & 31 (uitbedryfstelling); 24 & 56 (paaie); 25 & 57 (waterbehandelingsaanleg); 27 & 30 (skoonmaak van grond); 28 (verandering van grondgebruik); 46 (vuilwaterpyplyne); en 60 (pyplyne vir gevaarlike goedere).<br>**Staatskennisgewing R984-aktiwiteite:** 4 (dieselbergingsaanleg); 6 (vrystelling van emissies/besoedeling); 7 (pyplyne vir gevaarlike goedere); 9 (kraglyne); 11 (waterpyplyne); 12 (spoorgeriewe); 15 (skoonmaak van grond); 16 (waterdam); 17 (myngroewe); 19 (vergruisingsaanleg); 24 (versteuring van waterloop); 25 (waterbehandelingsaanleg); en 27 (paaie).<br>**Staatskennisgewing R985-aktiwiteite:** 1 (reklameborde); 2 & 16 (waterreservoirs); 3 (telekommunikasietoring); 4 & 18 (paaie); 10 & 22 (bergingsfasiliteite vir gevaarlike goedere); 12 (skoonmaak van grond); 14 (waterdamme); 15 (verandering van grondgebruik); en 23 (versteuring van waterloop). | Omgewingsmagtiging: aansoek om omgewingsmagtiging; 'n bestekopnameverslag, 'n OIE, insluitend 'n Omgewingsbestuursprogram (OBPr) en 'n openbare deelnameproses. | DMH – Gautengprovinsie |
| Nasionale Wet op Omgewingsbestuur: Afval (NEM:WA) (Wet 59 van 2008) en die OIE-regulasies, 2014, soos gewysig. | **Kategorie A-aktiwiteite:** 3(3), 3(4), 3(5) herwinning of terug-verkryging van afval; 3(3), 3(4), 3(5); 3(9), 3(10) verwydering van afval; 3(12), en 3(13) konstruksie van afvalaanleg(te).<br>**Kategorie B-aktiwiteite:** 4(1) berging van afval; 4(2), 4(3) herwinning of herverkryging van afval; 4(4) behandeling van afval; 4(7), 4(9) verwydering van afval; 4(10) konstruksie/uitbreiding van afvalaanleg(te); en 4(11) residu-stapelwerwe of residu-afsettings. | Afvalbestuurlisensie: aansoek om 'n afvalbestuurlisensie, 'n bestekopnameverslag, 'n OIE, insluitend 'n OBPr en 'n openbare deelnameproses. | |
| Nasionale Waterwet (NWW) (Wet 36 van 1998) en Regulasies Betreffende die Prosedurele Vereistes vir Aansoeke om Water-gebruiklisensies (WULA's) (Staatskennisgewing R267 van 2017). | (a) onttrekking van grondwater; (b) waterberging; (c) watervloei; (f) afvalwaterafvoer; (g) afvalverwydering; (i) verandering van waterloop; en (j) ontwatering van myngroef. | Watergebruiklisensie: aansoek om 'n watergebruiklisensie; geïntegreerde tegniese stawingsdokument en openbare deelnameproses. | Departement van Water en Sanitasie (DWS) |

| **WEST WITS AANSOEK OM MYNPERMIT** | | | |
|---|---|---|---|
| **Eiendom:** | • Die beoogde mynpermitgebied vir die Kimberley-wes dagmynbougroef is geleë op gedeeltes van die plaas Witpoortjie 245 IQ en Roodepoort 237 IQ.<br>• Die beoogde mynpermitgebied vir die Cresswell Park dagmynbougroef is geleë op 'n gedeelte van die plaas Roodepoort 237 IQ. | | |
| **Beskrywing:** | Dagmynbou. | | |
| **EAP:** | MalanScholes Consulting is aangestel as die onafhanklike omgewingsevalueringspraktisyn wat verantwoordelik is vir die onderneming van die vereiste regulatoriese omgewingsprosesse met SLR wat die openbare deelname proses sal hanteer. Die aansoek sal onderhewig wees aan 'n basiese-evalueringsproses soos uiteengesit in die OIE-regulasies (Staatskennisgewing R982, 8 Desember 2014) gedoen ingevolge Artikel 24(5) van die NEMA. | | |
| **Wetgewing** | **Gelyste aktiwiteite** | **Magtiging vereis en belangrike elemente van die proses** | **Bevoegde owerheid** |
| NEMA en die OIE-regulasies, 2014, soos gewysig. | **Staatskennisgewing R983-aktiwiteite:** 21 (myngroewe); en 27 (skoonmaak van grond).<br>**Staatskennisgewing R985-aktiwiteite:** 1 (reklameborde); 2 & 16 (waterreservoirs); 3 (telekommunikasietoring); 4 & 18 (paaie); 10 & 22 (bergingsfasiliteite vir gevaarlike goedere); 12 (skoonmaak van grond); 14 (waterdamme); 15 (verandering van grondgebruik); en 23 (versteuring van waterloop). | Omgewingsmagtiging: aansoek om omgewingsmagtiging; 'n bestekopnameverslag, 'n OIE, insluitend 'n OBPr en 'n openbare deelnameproses. | DMH – Gautengprovinsie |
| NEM:WA en die OIE-regulasies, 2014, soos gewysig. | **Kategorie A-aktiwiteite:** 3(3), 3(4), 3(5) herwinning of herverkryging van afval; 3(3), 3(4), 3(5); 3(9), 3(10) verwydering van afval; 3(12), 3(13) konstruksie/uitbreiding van afvalaanleg(te); en 3(15) residu-stapelwerwe of residu-afsettings.<br>**Kategorie B-aktiwiteite:**<br>4(1) berging van afval; 4(2), 4(3) herwinning of herverkryging van afval; 4(4) behandeling van afval; 4(7), 4(9) verwydering van afval; en 4(10) konstruksie/uitbreiding van afvalaanleg(te). | Afvalbestuurlisensie: aansoek om 'n afvalbestuurlisensie, 'n bestekopnameverslag, 'n OIE, insluitend 'n OBPr en 'n openbare deelnameproses. | |
| NWW en Regulasies Betreffende die Prosedurele Vereistes vir WULA's. | (a) onttrekking van grondwater; (c) watervloei; (g) afvalverwydering; (i) verandering van waterloop; en (j) myngroefontwatering. | Watergebruiklisensie: aansoek om 'n watergebruiklisensie; geïntegreerde tegniese stawingsdokument en openbare deelnameproses. | DWS |

Die volgende openbare bestekopnamevergaderings is gereël. Alle belanghebbers word genooi om by te woon:

| DATUM | PLEK | TYD |
|---|---|---|
| Dinsdag, 3 April 2018 | Goudrand Hostelsaal, Sol Plaatje: Vanaf Randfonteinpad, draai in Nick Toomey Boulevard, draai dan in die derde pad links. | 11h00 * |
| | E-saal, Matholesville: Vanaf Randfonteinpad, draai in Nick Toomey Boulevard, draai dan in die eerste pad regs en weer regs in die tweede pad. | 17h00 * |
| Woensdag, 4 April 2018 | Hoërskool Bastion, Trezonalaan, Mindalore | 17h00 * |
| Donderdag, 5 April 2018 | Veeldoelsentrum, Loerblaarrylaan 6732, Bram Fischerville | 17h00 * |
| Vrydag, 6 April 2018 | Moses Kotane Laerskool, h/v Unity Boulevard & Freedomrylaan, Bram Fischerville | 17h00 * |

* Poog asseblief om vroeër as die gespesifiseerde tyd te arriveer om die vergadering se bywoningsregister in te vul om toekomstige betrokkenheid in die regulatoriese omgewingsprosesse te verseker.

Alle belanghebbers word genooi om as Belangstellende & Geaffekteerde Partye (B&GP's) te registreer. U moet as 'n B&GP registreer as u meer inligting wil ontvang of aan die projek se omgewingsimpakevaluering wil deelneem. Dien asseblief enige aanvanklike kommentaar vir insluiting in die bestekopnameverslag in by die openbare bestekopnamevergaderings of teen 6 April 2018. Kommentaar kan wel ook ingedien word deurgaans die bogenoemde regulatories omgewingsprosesse. Om dit te doen, of om enige omgewingskwessies of knelpunte betreffende die regulatoriese proses vir die aansoek om mynreg en/of die openbare deelname proses vir die aansoek om mynpermit te opper, tree asseblief in verbinding met:

**Marline Medallie (Projekbestuurder) en/of Clive Phashe (Projekassistent)**
E-pos: 720.13087.00001@slrconsulting.com
Tel: 011 467 0945
Faks: 011 467 0978
Posadres: Posbus 1596, Cramerview, 2060
Neem kennis: As u die posdiens gebruik, moet u ook asseblief telefonies met ons in verbinding tree om ons in kennis te stel van u indiening.